

MAANDAG 1 JUNIE

SKRIFGEDEELTE: 1 KONINGS 21:1-10, 25

FOKUSGEDEELTE: 1 KONINGS 21:25

Isebel – 'n Vrou se groot invloed

Isebel (ongerep, kuis), wys vir ons hoe 'n vrou haar man en gesin, die kerk en die hele gemeenskap negatief kan beïnvloed.

Koning Agab van Israel het waarskynlik om politieke en ekonomiese redes met die ongelowige Isebel, koning Etbaäl van Sidon se dogter, getrou. Hierdie huwelik het ramspoedige gevolge gehad. Koning Agab moes toesien dat die volk aan God gehoorsaam bly. Hy het egter toegelaat dat Isebel met haar sterk persoonlikheid hom en die res van Israel oorreed om Baäl te dien.

Die kerk van die Ou Testament het in Agab en Isebel se tyd só agteruitgegaan dat daar maar 7 000 gelowiges oor was. Isebel se optrede teenoor die onskuldige Nabot wys vir ons hoe vernietigend haar invloed was.

Waar gelowige vroue hulle geloof uitleef, gebeur die teenoorgestelde. Die apostel Petrus wys vir ons wat gebeur waar gelowige vroue aan God gehoorsaam is en positief hulle geloof uitleef (1 Pet. 3:1-2). In sy tyd was daar vroue in Klein-Asië wat tot geloof gekom het. Deur hulle geloofsvoorbeeld het sommige van hulle se mans ook tot geloof gekom.

Sodoende is mense vir Christus gered, gesinne het deel van God se verbond geword en die gemeenskap is positief beïnvloed.

Vroue beklee 'n besondere plek en het groot invloed in huisgesinne, die kerk en die samelewing. Gelowige vrou, hoe leef jy jou geloof uit? Gelowige man, help jy jou vrou sodat haar geloof positiewe vrugte dra?

Sing: Psalm 128:1, 2

Ds. EJ (Edmund) de Beer (Laeveld)